# Kareeberg Munisipaliteit

**10/2024 ASSISTENT BIBLIOTEKARIS: VOSBURG**

Aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm word ingewag van bevoegde tweetalige persone tot **28 Maart 2024** om 16.30.

Applikante moet oor die volgende kwalifikasies beskik:

- Graad 12 en relevante naskoolse kwalifikasie of diploma - NQF vlak 6
- ten minste 1 jaar relevante ondervinding in biblioteekwese
- Goeie kommunikasie vermoë en menseverhoudings
- Rekenaarvaardig en werkservaring op die SLIMS-stelsel sal in die kandidaat se guns tel.
- oor 'n geldige kode EB lisensie.

Pligte behels onder andere

- ➢ Administrasie en interaksie met die publiek deur
  - Komminikasie met nuwe en bestaande biblioteekgebruikers
  - Registrasievorms of nuwe lidmaatskapkaarte uitreik
  - Uitreik en ontvang van biblioteekboeke, ensovoorts
  - nuwe boeke uitstal en relevante inligting vertoon
  - handhawing en voortdurende opdatering van statistieke met betrekking tot die sirkulasie van boeke en ledegetalle
  - hanteer personeel, telefoniese navrae, hernuwings, besprekings en advies vir skooltake
  - die administrasie van kataloguskaarte ten opsigte van hul volgorde, uithaal en liaseer van kaarte
  - rak boeke in ooreenstemming met toekennings (fiksie/niefiksie, skrywer verwysing)
  - help met die uitvoer van voorraadtellings van biblioteekmateriaal en die opdatering van die databasisse
- ➢ Om te verseker dat administratiewe prosedures wat verslagdoeningsvereistes met betrekking tot die funksies/aktiwiteite van die biblioteek bepaal, nagekom word
- ➢ Bestuur en versorging van boeke deur geskeurde boeke te herstel, nuwe boeke te ontvang en uit te pak en voor te berei om op rakke geplaas te word.
- ➢ Toesig oor skoonmakers

Die vergoeding is op posvlak 9 (R243 114.00 - R315 520.00 per jaar). Aansoekers met relevante ondervinding sal voorkeur geniet.

Aansoekvorms, asook volledige besonderhede van die Raad se diensvoorwaardes en voordele kan by die Hoof: Korporatiewe Dienste verkry word gedurende kantoor-ure. Die Raad sal die beginsels soos vervat in die Wet op Gelyke geleenthede volg.

Indien u nie binne 30 dae vanaf sluitingsdatum 'n antwoord ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was. CV's van onsuksesvolle applikante sal slegs op versoek teruggestuur word. Die Munisipaliteit behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

**MNR. MF MANUEL**
**MUNISIPALE BESTUURDER**
Posbus 10
Carnarvon
8925

Tel. 053-3823012

L4.3.R

Kennisgewingbord
Web: www.kareeberg.co.za